# Graad 9

**Die Cape Town Holocaust & Genocide Centre bied met graagte agt (8) leseenhede aan wat die volgende Graad 9 KABV (CAPS) onderwerpe dek:**

***Mislukking van die Weimar Republiek van Duitsland, die opkoms van Nazi-Duitsland, aanvang van die Tweede Wêreld-oorlog in Europa, die Holocaust, mense se ondervindinge en weerstand.***

**Eenheid 5**

Mense se ondervindinge: Ander slagoffers

***Teen die einde van die eenheid behoort leerlinge bekend te wees met:***

1. Hoe die Nazi's ander mense wat hulle as minderwaardig beskou, behandel het
2. Die verskil tussen ''bloed'' vyande en vyande ''van die staat''
3. Die impak van Nazi-ideologie op die gewone mens

**BLOED VYANDE**:

Roma and Sinti
Mense van kleur
Mense met gestremdhede

**VYANDE VAN DIE STAAT**

Homoseksuele mans
Jehovah's Getuies
Politieke opponente
Asosiale mense

Elke Jood was 'n slagoffer, maar nie elke slagoffer was 'n Jood nie.

- Die Roma and Sinti, mense van kleur, mense met gestremdhede was beskou as ''bloed'' vyande**.**
- Ons het die Nazi's se teorie van ''Joodse'' bloed gedek. Nou gaan ons verduidelik hoe die Nazi's ander groepe, wat hulle as minderwaardig beskou het, se bloed beskryf het.
- Homoseksuele mans, Jehovah's Getuies, politieke opponente, en asosiale persone was gesien as vyande van die staat.

Wat was die verskil tussen 'n ''bloed'' vyand en 'n vyand ''van die staat''?

- 'n Bloed vyand kon nooit deur die Nazi's aanvaar word nie want hulle kon nie hulle bloed verander nie. Jy sou altyd 'n vyand bly.
- 'n Vyand van die staat se bloed was aanvaarbaar. Alhoewel jou idees van die Nazi-ideologie verskil, kon jy dit verander, met hulle saamstem en aanvaar word.

# Roma and Sinti

**Bamberger Familie - Berlyn, Duitsland: Vroeë 1930's**



**Joseph Trollman: Duitse Middelgewig-kampioen 1933**




- Roma and Sinti mense word gewoonlik na verwys as sigeuners(gypsies).Hulle beskou egter hierdie term as 'n belediging
- 'n Klomp **stereotipes** gaan gepaard met hierdie term: rondreisend in karavane; sigeuners voorspel die toekoms en dat hulle ook diewe was
- Hierdie stereotipes was deur die Nazis in hul **propaganda** gebruik
- Die meeste van die Roma en Sinti was gevestigde, wetsgehoorsame burgers in Duitsland
- Slegs twee persent van die Roma en Sinti het in karavane gewoon
- 'n Voorbeeld van 'n gevestigde familie is die Bamberger-familie wat 'n reeks teaters in Berlyn besit het
- Joseph Trollman was 'n Sinti jong man wat die Duitse middelgewig bokskampioen geword het in 1933
- Die Nazi's het hom van sy titel ontneem en hy het in 'n Nazi-arbeidskamp gesterf

# Mense van kleur



Anonieme Duitse meisie: Vader- inboorling van Afrika, Moeder- Duits



KL.:

Negermischling 1.Grades

Häftl.-Nr.: 49.489

Häftlings-Personal-Karte

Fam.-Name: Schramm
Vorname: Gert.Lothar
Geb. am: 25.11.28. Erfurt
Stand: led. Kinder:
Wohnort: Langensalza,
Strasse: Marktfeld 2
Religion: ev. Staatsang.: D.R.
Wohnort d. Angehörigen: Mutter: Marianne Sch.verh. Löcher., Langensalza, W.o.
Eingewiesen am: 20.7.1944
durch: Stapo Weimar
in KL.: Buchenwald
Grund: Politisch -Negermischl.1.Grades
Vorstrafen: keine

Überstellt
am: an KL.
am: an KL.
am: an KL.
am: an KL.
am: an KL.
am: an KL.

Entlassung:
am: durch KL.:
mit Verfügung v.:

Personen-Beschreibung:
Grösse: 169 cm
Gestalt: mst.
Gesicht: oval
Augen: braun
Nase: eingeb.
Mund: wulst.
Ohren: absteh.
Zähne: vollst.
Haare: schwarz
Sprache: deutsch

Bes. Kennzeichen: Hautfarbe:Kaffeebraun
Charakt.-Eigenschaften:
Sicherheit b. Einsatz:

Strafen im Lager:
Grund: Art:

I.T.S. FOTO No 005077

Körperliche Verfassung:

30419

Gert Schramm's Buchenwald: kaart met persoonlike besonderhede



Gert Schramm praat met studente. (gebore1928; sterf 2016)

Die Nazi's beweer dat mense van kleur se' bloed ''onsuiwer'' was

- Baie van die mans uit Franse kolonies in Afrika het in Duitsland beland toe hulle na die Eerste Wêreld-oorlog in die Rynland geplaas is as deel van die Verdrag van Versailles
- Angesien daar min mense van kleur in Duitsland was, het die Nazi's baie van hierdie jong mense sonder hul toestemming gesteriliseer sodat hulle nie kon kinders hê nie
- Gert Schramm, die seun van'n Duitse moeder en 'n Afro-Amerikaanse vader was een van 'n klein groepie ''swart'' mense wat na konsentrasie-kampe gestuur was
- Hy het in Buchenwald konsentrasie-kamp beland
- Gert het later in sy lewe regoor Duitsland gereis om student toe te spreek en in te lig oor die wreedaardige gevolge van rassisme en stereotipering. Hy het in 2016 afgesterf

# Mense met gestremdhede

**“Dit is jou las ook”**




**“Dit is jou geld wat gemors word”**




Volgens die Nazi’s het mense met gestremdhede ‘’siektedraende’’ bloed

- Hulle glo dat gestremdes hierdie siektes sou voortdra deur hul bloed
- Landwye **propaganda** veldtogte word gebruik om die bevolking te oortuig dat hulle ontslae moes raak van gestremde persone aangesien hulle die staat te veel geld gekos het
- Die Nazi-regering begin deur gestremdes te steriliseer, maar neem dit later ‘n stap verder. Hulle word vermoor wanneer die die genadedood-program geimplementeer word met die aanvang van die Tweede Wêreld-oorlog
- Die Nazi’s beskryf dit as ‘’genadedood’’, maar dit was moord
- Die mediese personeel in beheer van die hospitale het die moorde uitgevoer
- Die Hadamar Hospitaal in Duitsland was beroemd vir hul gevorderde behandeling van gestremdes. Dokters van regoor die wêreld het na die hospital gekom om opleiding te ontvang. Dit was voor die Nazi’s aan bewind gekom het.
- Met die Nazi’s aan bewind was Hadamar een van die eerste institusies om gestremdes te vergas en hulle liggame te veras
- Dit word een van 6 hospitale wat as doodsentrums dien vir gestremdes in Duitsland



**Hadamar Hospitaal met rook wat uit die skoorsteen van die krematorium styg**

# Vyande van die Staat

## Jehovah's Getuies as vyande



'' Vyande van die Staat'' was burgers met ''suiwer'' bloed wat nie in die Nazi-ideologie geglo het nie

- Jehova's Getuies het geweier om in die weermag te dien. Hulle geloofsoortuigings was gekant teen oorlog, besering van 'n ander onder enige omstandigheid
- Hulle het geweier om die Nazi se rassistiese saluut uit te voer. Hulle het nie Hitler as hul leier beskou nie. God was hul enigste leier.
- Jehova's Getuies het verkies om gevangenes te wees i.p.v hul geloofsoortuigings teen te gaan

## Homoseksuele mans as vyande



Homoseksuele mans was ook beskou as vyande van die staat

- Die Nazi's het verwag dat alle Duitsers van ''suiwer'' bloed soveel kinders as moontlik moes hê
- Homoseksuele mans het nie aan hierdie vereiste voldoen nie
- Hierdie mans was alreeds teen gediskrimineer voor die Nazi's aan bewind gekom het. Hulle was wreed mishandel in die konsentrasie-kampe. Selfs na die einde van die oorlog was daar nog steeds volgens wet teen hulle gediskrimineer. Hierdie wette is eers in die vroeë 1990 afgeskaf

## Politieke opponente as vyande



Politieke opponente

- Ander politieke partye was verban en hul lede was in die tronk of konsentrasie-kamp gestop, waar baie van hulle vermoor was
- Die Nazi's het geen teenstand toegelaat nie

Hier kan jy sien dat die Nazi's mense onderdruk het . Die onderdrukking was gebaseer op mense se oortuigings, hul leefstyl, geloof en klassifikasie van hulle bloed.

## *VRAE*

1. Wat, volgens die Nazi's, was die verskil tussen 'n ''bloed-vyand'' en 'n ''vyand van die staat''?
2. Wat was die Nazi's se strategie om die bevolking te oortuig dat hul behandeling van die mense met gestremdhede geregverdig was?
3. Wie was Joseph Trollman en wat het met hom gebeur?
4. Dink jy dat bloed beskryf kan word as ''krimineel, onsuiwer en siektedraend''? Verskaf 'n rede vir jou antwoord.
5. Wat beteken geforseerde sterilisasie? Sou dit in Suid-Afrika toegelaat word vandag? Verskaf 'n rede vir jou antwoord.

## ADDISIONELE HULPBRONNE

Cape Town Holocaust & Genocide Centre:
http://ctholocaust.co.za/

Cape Town Holocaust & Genocide Centre YouTube:
https://www.youtube.com/channel/UCwVBUs5VqvsumuwDdzYIAaQ

Yadvashem.org
https://www.yadvashem.org/holocaust/about/nazi-germany-1933-39/non-jewish-victims.html

ushmm.org
https://encyclopedia.ushmm.org/content/en/article/mosaic-of-victims-an-overview